




Wiskunde

Meetkunde: 2D figure

Graad 7

Sirkels

p.63



Middel lyn AB

Radius OA


Radius OB

Middelpunt: Punt wat presies in die middel van sirkel is.

Middel lyn: Lynsegment wat deur die middelpunt van die sirkel gaan.

Die eindpunte lê op die sirkelomtrek.

Radius: Reguitlyn vanaf middelpunt van sirkel na enige punt op die sirkelomtrek.



Middellyn AB
 Radius OA
 Radius OB
 Radius OE
 Koord CD
 Boog AC

Segment CD
 Sektor EOB

Omtrek: Die lengte van die buitelyn rondom die sirkel.

Koord: Reguitlyn wat enige twee punte op sirkelomtrek verbind en nie deur die middelpunt gaan nie.

Boog: Gedeelte van sirkelomtrek tussen twee punte.


Segment: Oppervlak wat deur 'n boog en koord begrens word.

Sektor: Die gebied tussen twee radiusse van 'n sirkel en 'n boog.

Oefening

Werkkaart 18 E


1.




Vrae in volgende kolom

Werkkaart 18 E


- 1.1 Wat word die punt O van die sirkel genoem?
- 1.2 Skryf neer al die punte wat op die omtrek van die sirkel lê.
2. Wat word elk van die volgende van die sirkel genoem?
 - 2.1 OT
 - 2.2 PS
 - 2.3 OP
 - 2.4 MN



3.



- 3.1 Wat word die ingekleurde gedeelte A genoem?
- 3.2 Wat word die ingekleurde gedeelte B genoem?
4. Die radius OA is 2 cm.
 - 4.1 Hoe lank is OD?
 - 4.2 Hoe lank is OC?
 - 4.3 Hoe lank is BC?



Antwoorde

Vraag	Werkkaart 18 E	
1.1	Middelpunt	
1.2	Punte: P ; R ; S	
2.1	Radius OT	
2.2	Middellyn PS	
2.3	Radius OP	
2.4	Koord MN	
3.1	Segment A	
3.2	Sektor B	
4.1	$OD = OA = 2\text{cm}$	[Radiusse]
4.2	$OC = OA = 2\text{cm}$	[Radiusse]
4.3	$BC = OA \times 2$ $BC = 2\text{cm} \times 2$ $BC = 4\text{cm}$	[Middellyn = 2 x Radius]